
# 51 Daar's bemindes in die hemel




In ons blye kinderdae, het hul ons Gods Woord geleer,
ons gewys op Jesus liefde; nou mag hul met Hom verkeer.

> ***R.*** *Sal die kring daarbo volmaak wees, eenmaal weer, eenmaal weer?*
> *In die beter hemelwoning, by die Heer, by die Heer?*

Nog gedenk ons samekomste van die bly' familiekring;
ook die droewe afskeidstrane wat gevloei het, onbedwing. ***R.***

> Langsaam word die stoele ledig, een vir een het weg gegaan;
> sal die kring wat hier gebreek is, eenmaal daar volmaak bestaan? ***R.***

Onbekend G.H. Gabriel (1856-1932)